

# Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: [kontak@nuwelied.info](mailto:kontak@nuwelied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

*Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!*

## Parashah 46: Ekev (עֵקֶב) – Omdat

*Dan sal dit gebeur, omdat jy hierdie wette gehoorsaam, hou en doen, dat יהוה, jou God, Sy verbond en Sy onverdiende guns met jou sal hou wat Hy aan jou vaders gesweer het. Deut. 7:12 – PWL<sup>1</sup>*

### Torah : Deut. 7:12 tot 11:25

- ❖ **Inleiding**
- ❖ **Deut. 7:12** – En Omdat Julle *Sh'ma*
- ❖ **Deut. 7:17 en 18** – Onthou Met Gepaste Handeling
- ❖ **Deut. 9:4 en 5** – YHVH Se Geregtigheid.

### Haftorah: Jes. 49:14 to 51:3 – Het YHVH Israel Verstoof?

### Hernieuwe Verbond:

- ❖ **Matt. 6:33; Rom. 10:1 tot 3; 2 Kor. 5:21; 1 Thess. 4:1 en 2** – YHVH se geregtigheid.
- ❖ **Heb. 4:1 tot 7** – Ons geestelike 'Beloofde Land'.
- ❖ **Joh. 14:15, 21 en 23; 1 Joh. 2:3 tot 5; 1 Joh. 5:3** – Liefde vir YHVH deur gehoorsaamheid.
- ❖ **Luk. 9:1; 10:19; Joh. 10:10; Rom. 8:31 tot 39; 1 Joh. 4:4** – 'n Oorwinnaars lewe

<sup>1</sup> PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by [www.padwlewe.ch](http://www.padwlewe.ch): of kontak vir Gerrie Coetzee by [padwlewe@yahoo.com](mailto:padwlewe@yahoo.com)

❖ **Rom. 2:28 en 29** – Besnydenis van die hart

*Moses spent forty years in the king's palace thinking that he was somebody; then he lived forty years in the wilderness finding out that without God he was a nobody; finally he spent forty more years discovering how a nobody with God can be a somebody. – Dwight L. Moody.*

*Torah is YHVH se onderrig en instruksies vir 'n suksesvolle, gelukkige, vreedsame, gesonde en ordelike lewe as individu, as huishouding en as gemeenskap.*

## **Midrash (Torah Bespreking)** **Inleiding**

Die vraag wat sekerlik die meeste deur al die eeue gevra word, is: *Wat moet ek doen sodat dit in alle opsigte met my goed sal gaan?* Deur die eeue het mense hierdie vraag probeer beantwoord met menslike wysheid, MAAR in hierdie week se parashah hoor ons YHVH se antwoord op hierdie vraag. Wie 'n oor het, laat hy hoor wat YHVH sê! Laat ons *sh'ma, sh'mar* en *asah!* Laat ons met gespitse ore luister en YHVH se Woorde sodanig ter harte neem dat ons nougeset daarvolgens sal handel! In die verband moet ons onthou:

*Experience is a cruel teacher – first it gives the exam and then the lesson!*

Is dit nie veel beter om eers deur YHVH uit Sy Torah onderrig te word en dan eksamen te gaan skryf nie? Ons moet moeite doen om uit Israel se ondervinding te leer en seker maak dat ons nie dieselfde foute begaan nie!

*Hierdie boek van die wet mag nie uit jou mond uitgaan nie, maar jy moet dit dag en nag bedink sodat jy versigtig kan wees om volgens alles wat daarin geskryf staan te doen, want dan sal jy jou paaie voorspoedig maak en dan sal jy sukses hê. Josua 1:8 – PWL.*

Die King James vertaling van hierdie teksvers lees soos volg: *This book of the law shall not depart out of thy mouth; but thou shalt meditate (hagah) therein day and night, that thou mayest observe (sh'mar) to do (asah) according to all that is written therein: for then thou shalt make thy way prosperous, and then thou shalt have good success.* Die Hebreeus vir bedink (*hagah; meditate*) is om iets te bepeins en met vreugde dit te mompel wat vergelyk kan word met 'n geruis (borreling) uit jou binneste!

### **Deut. 7:12 – En Omdat Julle Sh'ma**

*.....omdat jy hierdie wette gehoorsaam, hou en doen.... Deut. 7:12 – PWL.*

Die Israëliete wat gereed gemaak het om Kanaän in besit te neem het feitlik almal slegs ondervinding van 'n lewe in die wildernis (woestyn). Nou moes hulle gereed maak om 'n bewoonde land waarvan al die inwoners afgode dien, in besit te neem. Moses moes vir oulaas die belangrikheid van 'n Torah-gehoorsame lewe by hulle inskerp, asook hulle waarsku teen die gevare van afgodery. Verder moes Moses dit by hulle inskerp om nie te vrees vir die volke wat in Kanaän woon nie (Deut. 7:17 en 18).

Wanneer ons blootgestel word aan wêreldsheid het ons almal 'n geneigdheid om Torah, asook ons roeping (doel), te vergeet. Ons word ook baie maklik met vrees gevul wanneer ons na ons eie omstadighede kyk en na dit wat in die wêreld gebeur. Daarom moet ons almal ook voortdurend herinner word aan die woorde van Torah, asook om dit wat ons hoor (*sh'ma*) te bewaar (*sh'mar*) en nougeset te doen (*asah*). Torah moet in ons hart wees en in ons verstand geskryf wees (Deut. 6:6 tot 8) sodat ons dit dag en nag sal oordink (Ps. 1:2, Jos. 1:8) en ons kinders dit ook inskerp (Deut. 6:7). Alleenlik diegene wat Torah hoor, bewaar en nougeset nakom, sal voorspoedig wees in alles wat

hulle doen. Ons vrees moet vervang word met vertroue wat seker is van dit wat ons hoop en oortuig is van dit wat ons nie sien nie (Heb. 11:1).

Soos Israel van ouds moet ons ook nie ons skeppingsdoel, naamlik om die ‘Beloofde Land’ in besit te neem, vergeet nie. Ons moet ook almal YHVH se geregtigheid ken sodat ons nie mislei word nie.

Verlede week se Torah-Skriflesing (parashah 45) het afgesluit met Moses wat die volk aan die volgende herinner het, naamlik:

Eerstens ‘n herinnering aan die verbond, naamlik: *Weet daarom dat יהוה, jou God, God is, die getroue Magtige God, wat Sy verbond en Sy onverdiende guns hou tot ‘n duisendste geslag met dié wat Hom liefhet en Sy opdragte gehoorsaam* (Deut. 7:9, PWL). Moses het Israel herinner dat hulle deel is van ‘n liefdesverbond en dat YHVH die getroue verbondsvennoot is. Die verhouding tussen YHVH en Israel was dus ‘n liefdesverhouding en liefde is nie afdwingbaar nie, maar is ‘n vrywillige daad. YHVH het as Vader (Bruidegom) sy kinders (eggenote) lief en die kinders (bruid) het hulle Vader (Bruidegom) lief. Die fondament van beide die ou en die hernieude verbond is dus liefde!! Liefde (vir YHVH en jou naaste) is soos die gordynreeling waaraan die wet en die profete (die gordyne) hang (Matt. 22:38 tot 40). Sonder liefde val die ‘gordyne’ op die grond en dien geen doel nie!

Tweedens het Moses die volk herinner dat ongehoorsaamheid aan Torah ‘n verbreking van die verbondsverhouding is en vergelykbaar is met ‘n Godhater, asook dat YHVH met Sy haters persoonlik sal afreken.

*maar aan die wat Hom haat, betaal Hy dit terug in hulle gesig, om hulle te vernietig. Hy sal nie terughou teenoor dié wat Hom haat nie, Hy sal hom in sy gesig terugbetaal – Deut. 7:10.*

Laastens het Moses die volk weereens daaraan herinner om Torah te *sh’ma* te *sh’mar* en te *asah* – te hoor, te bewaar en dit nougeset te doen (Deut. 7:11).

Daarom begin hierdie parashah met die woorde:

*En omdat julle na hierdie verordeninge sal luister en dit hou en volbring, sal YHVH jou God vir jou die verbond en die goedertierenheid hou wat Hy jou vaders besweer het. Deut. 7:12.*

In Hebreeus lees die begin van hierdie teksvers soos volg:

והיה עקב תשמעון את  
*Hayah (והיה) ekev (עקב) sh’ma (תשמעון) et (את).....*

Let op die ooreenkoms tussen die woord Yahuah (יהוה) en *hayah* (והיה).

Die naam van hierdie parashah is afkomstig van die woord *ekev* (עקב) wat vertaal word as *omdat* (*because*). Die gebruik van *ekev* in hierdie teksvers is egter buitengewoon aangesien die woord *kiy* (כִּי) meestal in ‘n sin gebruik word as *omdat* (*because, if*) wanneer ‘n vooraf handeling of ‘n feit verduidelik word. Soos byvoorbeeld in Gen. 2:3 – *En God het die sewende dag geseën en dit geheilig, omdat (kiy) Hy daarop gerus het....*

Die gebruik van *ekev* in Deut. 7:12 hou dus ‘n dieper betekenis in, naamlik die volgende: *Ekev* beteken ook hakskeen in die sin van dit wat volg op die hakskeene van ‘n persoon, of dit wat volg op (die resultaat is van) ‘n bepaalde handeling (aksie). In hierdie teksvers word *ekev* dus gebruik om dit wat op die hakskeen volg van die wat aan Torah gehoorsaam is uit te beeld. Dit wat op die hakskeene

van 'n Torah-gehoorsame Israel volg, of wat die resultaat van Torah-gehoorsaamheid is, is volgens die belofte in Deut. 7:13 tot 15, naamlik:

*en Hy sal jou liefhê en jou seën en jou vermenigvuldig; Hy sal ook die vrug van jou baarmoeder en die vrug van jou land seën, jou graan, jou nuwe wyn en jou olie, die aandeel van jou beeste en die vermeerdering van jou kleinvee, in die land wat Hy aan jou vaders gesweer het om vir jou te gee. Jy sal meer geseënd wees as al die volke; daar sal tussen jou geen man of vrou steriel of onvrugbaar wees nie; nie onder jou of onder jou vee nie. יהיה sal elke siekte van jou af wegvat en jou nie aantas met enige van al die skadelike siektes van Egipte wat jy geken het nie, maar sal dit laat kom op almal wat jou haat. (PWL)*

YHVH sal diegene wat Hom liefhet deur gehoorsaamheid aan Torah agtervolg om aan hulle goed te doen – *En Ek sal 'n ewige verbond met hulle sluit, dat Ek My van hulle nie sal afwend om aan hulle goed te doen nie...* (Jer. 32:40). Dawid het ook verklaar dat goedheid en guns hom sal volg wanneer hy as Torah-gehoorsame kind in sy Vader se huis woon (Psalm 23). Diegene wat Torah-gehoorsam is, sal die resultaat daarvan sien en die goeie vrug daarvan geniet.

Dieselfde gedagte van agtervolg vind ons in Gen. 22:15 tot 18 waar die woord *ekev* ook gebruik word ten opsigte van Abraham wat gehoorsaam was aan YHVH se opdrag om sy seun, Isak, te offer.

*Ek sweer by Myself, spreek YHVH, omdat (ekev) jy dit gedoen het en jou seun, jou enigste, nie teruggehou het nie, dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is; en jou nageslag sal die poort van sy vyande in besit neem.*

Weens gehoorsaamheid het YHVH se seëninge vir Abraham 'agtervolg'!

*Ekev* word ook in Gen. 26:2 tot 5 gebruik waar YHVH vir Isak gesê het om nie na Egipte te trek nie, maar in Gerar te bly. Die feit dat *ekev* ook die betekenis van 'n voetspoor het, word in hierdie gedeelte uitgebeeld: *.....omdat (ekev) Abraham na my stem geluister en my ordening, my gebooie, my insettinge en my wette onderhou het* (Gen. 26:5). Abraham se gehoorsaamheid het 'n 'voetspoor, van gehoorsaamheid nagelaat wat Isak gevolg het. Isak het in Abraham se voetspore gevolg!!

*Ekev* kom ook voor in Num. 14:24:

*Maar my kneg Kaleb, omdat (ekev) 'n ander gees in hom was en hy volhard het om My te volg – hom sal Ek bring in die land waarin hy gekom het, en sy geslag sal dit in besit neem.*

Weens Kaleb se vertroue (geloof) in YHVH as 'n waarmaker van Sy Woord, het God se belofte Kaleb tot in die Beloofde Land 'agtervolg'! Kaleb het ook 'n 'voetspoor' gelaat wat sy nageslag kon volg.

*Ekev* word ook in Deut. 8:20 gebruik:

*....so sal julle omkom, omdat (ekev) julle na die stem van YHVH julle God nie geluister het nie.*

Net soos die seëninge op die hakskene van diegene volg wat Torah-gehoorsam is, so sal YHVH se oordeel (vloeke) ook op die hakskene volg van die wat **nie** YHVH se Torah gehoorsam nie. Daarom het Moses vir die volk gesê: *Maar as jy nogtans YHVH jou God vergeet en agter ander gode aan loop en hulle dien en voor hulle neerbuig, dan verseker ek julle vandag dat julle sekerlik sal omkom.* Hierdie is bevestiging dat YHVH 'n God van genade is, maar ook 'n God van oordeel.

Diegene wat Torah-gehoorsam lewe sal egter ook deur Satan in die hakskeen gebyt wil word (Ge. 3:15). Soos hy Adam en Eva mislei het om Torah ongehoorsam op te tree, so slaag Satan steeds vandag om mense te oortuig om YHVH se Torah te verwerp! Dit is hulle wat in die hakskeen gebyt word en met slanggif van ongehoorsaamheid deurtrek word wat uiteindelik tot geestelike dood lei. Elkeen wat in Yeshua as gekruisigde en opgestane Messias glo en die getuienis van Torah-

gehoorsaamheid lewe, sal in Yeshua die slang se kop wat listige planne van Torah-ongehoorsaamheid bedink, vermorsel!

In Deut. 7:12 sien ons ook 'n heenwysing na Yeshua Messias aangesien die woord *et* (את) drie keer voorkom. Yeshua is die *aleph* (alfa, begin) en die *Tav* (omega, einde) – Open. 22:13 verwysend na Jes. 41:4; 44:6 en 48:12. Die eerste gedeelte van Deut. 7:12 kan dus ook soos volg lees:

*En omdat julle na Yeshua Messias sal luister en dit wat Hy gesê het, hou en volbring, sal YHVH.....!!*

Yeshua is die vleesgeworde Woord van YHVH wat van die begin af daar was, steeds daar is en vir altyd daar sal wees, naamlik onveranderlik is, en waardeur alles ontstaan het (Joh. 1:1 tot 3). Wanneer ons Sy Woorde hoor (*sh'ma*), bewaar (*sh'mar*) en doen (*asah*) sal ons 'n lewe van oorvloed in Yeshua deelagtig wees en sal ons die dief wat kom om te steel te slag en te verwoes effektief kan weerstaan (Joh. 10:10).

Vir die interessantheid Deut. 7:12 volgens die Orthodox Jewish Bible:

1. והיה עקב תשמעון את המשפטים האלה ושמרתם ועשיתם אתם ושמר יהוה אלהיך לך את הברית ואת-החסד אשר נשבע לאבתך:

*Wherefore it shall come to pass, if ye give heed to these mishpatim, and are shomer, and do them, that Hashem Eloheicha shall be shomer over the Brit unto thee and the chesed which He swore unto Avoteicha;*

*[Dan sal dit gebeur, omdat jy hierdie wette gehoorsaam, hou en doen, dat יהוה, jou God, Sy verbond en Sy onverdiende guns met jou sal hou wat Hy aan jou vaders gesweer het.]*

## Bepins of Bespreek

1. Ons taak is ook, soos die van Moses, om YHVH se liefde aan mense oor te dra, maar dit is egter baie moeilik om dit met woorde te doen omrede ons elkeen Vader-God se liefde op verskillende wyses ervaar. Is ons dae nie 'n makliker en meer doeltreffender wyse om YHVH se liefde te demonstreer nie?
2. Wat is die voetspore wat ons nalaat – in ons gesin, vriendekring en gemeenskap? Kan hulle ons voetspore sien of is ons gedurig besig om ons voetspore uit te vee vir ingeval hulle die pad sien wat ons loop? Is jy bang om openlik te erken dat jy glo in Yeshua as die Messias EN daarom Torah-gehoorsaamlewe?
3. Die Jode dra sekere simbole soos die *tefillim* en *tzit-tzit* om hulle voortdurend aan die Woorde van Torah te herinner, terwyl die menorah (wat ook in alle huishoudings vertoon word) as simbool van hulle geloof en roeping dien (Jes. 42:6 en Sag. 4:1 tot 6). Hoe kan ons onself ook voortdurend herinner aan YHVH se onderrig en instruksies? Is dit slegs die taak van die Afgesonderde Gees? Kan die Afgesonderde Gees ons leer en lei indien ons nie goed onderrig is in Torah nie?
4. Wat behoort die simbool van die Christendom te wees? Onthou: Israel was gekies om 'n lig van die nasies te wees (Verwys ook Luk. 1:78 en 79; Luk. 4:19). Simbole en gebruike help ons om:
  - ❖ Geestelike waarhede beter te verstaan.
  - ❖ Sekere heilswaarhede nie te vergeet nie, want dit dien as 'n voortdurende herinnering.
  - ❖ Te bevestig wat ons glo deur 'n sigbare handeling.

- ❖ Ons kinders van jongs af in hierdie heilswaarhede te onderrig deur gebruik te maak van hierdie simbole.

In die lig van bogenoemde is die vraag: Hoekom maak die Christendom nie meer gebruik van die simbole van Judaïsme nie? Is dit weens gebrek aan kennis van hulle Hebreeuse verbintenisse, of is dit weens 'n gees van antisemitisme wat deur al die eeue heers, of is dit weens vrees om weer wetties en 'ou testamenties' te word, of is dit weens die Vervangingsteologie-lering? Hierdie vrae is veral geregtig in die lig daarvan dat die Christendom besoedel is met afgodsimbole! Is die kruis (folterpaal) 'n gepaste simbool van die gelowiges in Yeshua (Hierdie vraag is al voorheen ook gevra)?

### Deut. 7:17 en 18 – Onthou Met Gepaste Handeling

*As jy in jou hart sou dink: 'Hierdie nasies is groter as ek, hoe kan ek hulle onteien?' Moenie vir hulle bang wees nie, maar jy moet onthou wat יהיה, jou God, aan Farao en die hele Egipte gedoen het (PWL)*

Die Hebreeuse woord *zakar* (Strong's H2142) beteken *gedenk, dink, onthou, in gedagtenis bring en noem*. Die eerste keer waar ons hierdie woord (*zakar*) in die Skrif vind, is na die sondvloed in Gen. 8:1 en dan in Gen. 9:14 en 15 met die verbondsluiting tussen YHWH en Noag na die vloed:

*En God het gedink (zakar) aan Noag en aan al die wilde diere en al die vee wat saam met hom in die ark was; en God het 'n wind oor die aarde laat waai, sodat die waters gesak het.*

*As Ek dan wolke oor die aarde bring en hierdie boog verskyn in die wolke, dan sal Ek dink (zakar) aan my verbond wat daar bestaan tussen My en julle en al die lewende wesens, in alle vlees. En die waters sal nie meer 'n vloed word om alle vlees te verdelg nie.*

Hierdie *dink* in bogenoemde teksverse is meer as net dat YHWH die gebeurtenis van die sondvloed en verbond sal onthou, maar die onthou het met 'n gepaste handeling gepaard gegaan. In Gen. 8:1 het YHWH na die reën *gedink* aan Noag en die diere in die ark en Hy het 'n wind oor die aarde laat waai sodat die waters gesak het. Terwyl in Gen. 9:14 en 15 sal die reënboog die teken wees wat YHWH sal laat onthou (*dink*) aan Sy verbond met Noag en Hy sal seker maak dat die waters nie weer 'n vloed sal word wat alle vlees verdelg nie. In beide gevalle sien ons dat wanneer YHWH aan iets *dink*, naamlik dit onthou of in gedagtenis bring, dan onderneem Hy ook om iets daaraan te doen.

In Gen. 40:14 lees ons aangaande Josef in die tronk dat hy vir die voorman van die skinkers vra om hom *in gedagte te hou (zakar)* en om van hom *melding te maak (zakar)* by Farao. Josef vra dus die skinker om nie net te onthou dat hy in die tronk is nie, maar ook om iets daaraan te doen om hom te bevry. *Zakar* is dus om te onthou (te gedenk, in gedagtes te bring) en om iets te doen aangaande dit wat onthou word. In Skriftuurlike konteks is *zakar* dus meer as om net jou verstandelike vermoë te gebruik. Dit is om op 'n gepaste wyse te reageer op dit wat in gedagtenis gebring word.

In Deut. 7:17 en 18 sê Moses aan die volk om te onthou (*zakar*) wat YHWH aan die Egiptenare gedoen het wanneer vrees om die Beloofde Land in besit te neem hulle oorval. Hierdie onthou is dus nie net om dit in hulle gedagtes te herleef nie, maar om op gepaste wyse te handel asof YHWH dit ook reeds aan die inwoners van Kanaän gedoen het. Geloof (vertroue) is om seker te wees van dit wat ons hoop en om oortuig te wees van dit wat ons nie sien nie (Heb. 11:1). Geloof is dus om uit 'n posisie van gehoorsaamheid aan Torah positief te reageer op dit wat Vader-God belowe. Die Apostel Jakobus stel dit so: *Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug* (Jak. 4:7). Die volgorde is belangrik: Eers gehoorsaamheid (onderwerping aan Torah) en dan weerstand bied teen Satan! Dit is die 'formule' vir oorwinning!!

Vrees en logiese denke is dikwels die grootste vyand van geloof (vertroue) in YHVH se beloftes! Vrees is nie soseer 'n emosie nie as 'n verlamming wat aanvaar dat enige bedreiging (onsekerheid, onbekende) magtiger is as YHVH. Logika is die mens se verstandelike vermoë om 'n situasie te evalueer en te bepaal hoe om die beste daarop te reageer. Geloof (vertroue) is om te 'sien' wat Vader-God 'sien' en daarvolgens op te tree. Ongeloof (wantroue) is om nie te glo wat Vader-God sê nie, asook om te glo wat Vader-God sê, maar nie daarvolgens op te tree nie.

In Deut. 8:11 tot 18 word ons daaraan herinner dat ons YHVH se onderrig en instruksies nie mag vergeet nie, asook nie die feit dat Hy ons uit ons persoonlike 'Egipte' (sondeslawerny) gelei het nie. Sou ons dit vergeet kan dit tot hoogmoedigheid van selfverheffing en afgodery lei.

*Wees versigtig dat jy יהוה , jou God, nie vergeet deur Sy opdragte, Sy wette en Sy reëls wat ek jou vandag beveel, nie te hou nie sodat jy nie miskien, wanneer jy geëet het en versadig is en mooi huise gebou het en daarin bly, wanneer jou beeste, jou kleinvee, jou silwer, jou goud en alles wat jy het, vermeerder het, dat jou denke, wil en emosie trots word en dat jy יהוה , jou God, vergeet wat jou uit Egipteland, uit die huis van slawerny, uitgelei het, wat jou deur die groot en verskriklike wildernis gelei het, deur giftige slange en skerpioene en 'n dorsland sonder water; wat vir jou water uit die harde rots laat kom het; wat jou in die wildernis met 'man hu', wat jou vaders nie geken het nie, gevoed het, om jou nederig te maak en jou te toets, om jou ten einde goed te doen en jy in jou verstand, wil en emosie dink: 'My krag en die sterkte van my hand het vir my hierdie rykdom verkry,' nie. Onthou יהוה jou God, egter, want dit is Hy wat jou krag gee om rykdom te verkry sodat Hy Sy verbond kan bevestig, wat Hy aan jou vaders met 'n eed beloof het, soos dit vandag is. (PWL).*

### **Bepeins of Bespreek**

1. Is ongeloof (wantroue) in YHVH se beloftes nie ook ongehoorsaamheid nie?
2. Vader-God het ons ook die verstandelike vermoë gegee om besluite in die lig van omstandighede te neem. Wanneer moet ons volgens ons 'gesonde verstand' optree en wanneer volgens die beloftes, naamlik volgens dit wat ons nie sien nie?
3. Geloof is vertroue en getrouheid. Dit is vertroue in YHVH as die waarmaker van Sy Woord en dit getrouheid aan YHVH se Woord, naamlik gehoorsaamheid aan Sy Torah. Onthou: Die duiwels glo ook dat YHVH een is, maar hulle sidder (Jak. 2:19). Joseph Dumond skryf in die verband die volgende:

*You are not saved by grace as some would lie to you. As we showed you recently you are saved by Grace THROUGH FAITH, that is by BELIEVING Yahuah, as Satan also believes in Yahuah but does not do as He says and many that think they are saved by grace believe in Yahuah God but will not obey and do what He says the same as Satan. Abraham BELIEVED Yahuah and therefore did as He was told. Unlike many of you who will not do as you are told in the Torah! (News Letter 5849-024, <http://www.sightedmoonnl.com/>)*

### **Deut. 9:4 en 5 – YHVH Se Geregtigheid**

*As YHVH jou God hulle voor jou uit verjaag, moet dan nie in jou hart spreek en sê: YHVH het my ter wille van my geregtigheid ingebring om hierdie land in besit te neem nie; want weens die goddeloosheid van hierdie nasies verdryf YHVH hulle voor jou uit. Deut. 9:4.*

Moses het Israel gewaarsku om nie te dink dat hulle eie geregtigheid tot hulle sukses bygedra het nie. Hierdie waarskuwing is ook op ons van toepassing!! Ons moet nooit dink dat ons eie geregtigheid, of die opregtheid van ons wil, emosie en verstand, enigsins bydra dat ons guns by Vader-God sal verdien nie.

YHVH se geregtigheid (תְּדָאָה, *tsedakah*) beteken om aan God se standaard en vereiste te voldoen. YHVH se geregtigheid (standaard en vereiste) behels geloof en gehoorsaamheid. Geloof in Yeshua as die Messias en gehoorsaamheid aan YHVH se onderrig en instruksies (Torah). Ons voorbeeld is Abraham: Deur geloof is hy regverdig verklaar (Gen. 15:6) en deur gehoorsaamheid aan Torah is hy geseën (Gen. 26:4 en 5). Die Apostel Jakobus som dit soos volg op:

*En die Skrif is vervul wat sê: En Abraham het God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken, en hy is 'n vriend van God genoem. Sien julle dan nou dat die mens geregverdig word uit die werke en nie alleen uit die geloof nie? Jak. 2:23 en 24.*

Ware bekering behels dus geloof in die versoeningswerk van sondevergifnis deur Yeshua aan die kruis en die begeerte om voortaan as 'n geregverdigde te lewe deur gehoorsaamheid aan Torah, naamlik aan YHVH se onderrig en instruksies. Gehoorsaamheid aan Torah is die goeie werke wat volg op geloof tot redding (sondevergifnis).

Hy wat deur geloof in Yeshua geregverdig verklaar is (2 Kor. 5:21), moet die res van sy geloofslewe leer wat YHVH se geregtigheid alles behels, sodat hy daarvolgens kan lewe. Die geregverdigde sal uit die geloof lewe (Rom. 1:17).

Ons moet YHVH se geregtigheid soek (Matt. 6:33) en ons moet YHVH se geregtigheid ken en dit doen. Die mens wat nie aan YHVH se standaard en vereiste van geregtigheid voldoen nie, sal sy eie standaard en vereiste van geregtigheid opstel en glo dat dit voldoende is om die ewige lewe te verkry of geseën te word. Sulke mense ken nie YHVH se geregtigheid nie, hoewel hulle ywer vir God kan hê (Rom. 10:2 en 3).

'n Meer volledige lering oor geregtigheid kan afgelaai word by: [YHVH se Geregtigheid](#).

Goeie bedoelings is nie 'n plaasvervanger vir gehoorsaamheid nie!! Saul is die herinnering aan hierdie waarheid! Nadat Saul as koning gesalf is, het hy in opdrag van YHVH gegaan om die Amalekiete te verslaan. YHVH het duidelik aan Saul opdrag gegee om almal dood te maak en alles te vernietig. Saul mag niemand se lewe gespaar het nie, en ook geen oorlogsbuit geneem het nie, want God het beveel dat Saul alles met die banvloek moet tref (1 Sam. 15:1 tot 3). Na die oorwinning het Saul egter vir koning Agag gespaar en die beste van die kleinvee, beeste en skape, asook alles wat van waarde was geneem (1 Sam. 15:4 tot 9).

YHVH het toe deur die mond van Samuel vir Saul gekonfronteer met die woorde: *Waarom het jy dan nie na die stem van YHVH geluister nie en op die buit afgestorm en gedoen wat verkeerd is in die oë van YHVH?* (1 Sam. 15:19). Saul se verweer was egter dat die bedoeling was om die beste van die bangoed as offer aan YHVH op Gilgal te bring. Hierop het Samuel vir Saul geantwoord:

*Daarna sê Shemuél: Het Yahweh behae in brandoffers en slagoffers soos in gehoorsaamheid aan die stem van Yahweh? Kyk, om gehoorsaam te wees is beter as slagoffer, om te luister beter as die vet van ramme. Want rebelsheid is 'n sonde van waarsêery, en eiesinnigheid is afgodery en beeldediens. Omdat jy die woord van Yahweh verwerp het, het Hy jou as koning verwerp. Toe sê Shaúl vir Shemuél: Ek het gesondig, omdat ek die bevel van Yahweh en u woorde oortree het, want ek was bevrees vir die manne en het na hulle geluister. 1 Sam. 15:22 en 24 (Woord en Getuienis)*

Saul se goeie bedoelings het nie opgemaak vir sy ongehoorsaamheid nie. Ongehoorsaamheid aan YHVH is sonde en bring oordeel. Inteendeel, weens Saul se ongehoorsaamheid was hy sy koningskap kwyt. YHVH, ons Vader, het behae in gehoorsaamheid, maar ongehoorsaamheid aan Hom is sonde wat gelykstaande is aan waarsêery en afgodery. Hoe maklik kan ons ook met goeie bedoelings probeer om gehoorsaamheid te vermy.



Deur Torah-gehoorsaamheid kan ons nie ons redding bewerkstellig of YHVH se seëninge ‘verdien’ nie. Ons word alleenlik deur geloof in die versoeningswerk van Yeshua gered, maar ons is Torah-gehoorsaam omrede dit YHVH se geregtigheid is en omrede ons diensknegte van die Allerhoogste is. Ons is Torah-gehoorsaam omrede dit is wat ons veronderstel is om te doen. Maar ons doen dit vrywillig omrede ons Vader-God liefhet!

Ons is nie Torah-gehoorsaam om gered te word nie! NEE, ons is Torah-gehoorsaam, **omdat ons gered is!!**

Verwysend na Luk. 17:7 tot 10 leer ons die volgende uit die gelykenis van die dienskneg. ‘n Dienskneg doen alles wat van hom verwag word sonder om aanspraak te maak op enige vergoeding. *So ook julle, wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen* (Luk. 17:10).

Moses het ook vir Israel daaraan herinner dat as dit nie was dat hy by YHVH ingetree het nie, sou nie een van hulle die reis na die Beloofde Land oorleef het nie. Die feit dat hulle op die punt gestaan het om die Beloofde Land in besit te neem is **nie** te wyte aan hulle eie gergetigheid nie. Net so moet ons onthou dat Yeshua altyd vir ons by die Vader intree. Dit is die enigste rede hoekom ons ook ons ‘Beloofde Land’ in besit kan neem.

### **Bepeins of Bespreek**

1. Die motief vir Torah-gehoorsaamheid moet niks anders as uit liefde vir YHVH wees nie, moet nie uit vrees of om selfsugtige redes wees nie. Ware liefde verwag niks terug nie, maar is bereid om alles te gee. Is dit hoekom ons gehoorsaam is, of is ons gehoorsaam omrede ons die Vader se seëninge deelagtig wil wees of omrede ons vrees dat ons gestraf sal word? Oordeel jou gesindheid vir Torah-gehoorsaamheid aan die hand van onderstaande waarheid:

*Liefde het niks te doen met wat jy verwag om terug te ontvang nie. Liefde het slegs te doen met wat jy bereid is om te gee en ware liefde is bereid om alles te gee. Wat jy terug ontvang sal wissel, maar dit het geen verbintenis met wat jy bereid is om te gee of hoeveel jy gee nie. Jy gee alles en verwag niks omrede jy waarlik liefhet.*

2. Is Kain (sy offerande), Aäron (die goue kalf) en Dawid (die aanvanklike poging om die verbondsark terug te) nie verdere bewys dat goeie bedoelings nie YHVH se geregtigheid kan vervang nie? Is onkunde ‘n geldige verskoning vir ongehoorsaamheid en vir versagtede omstandighede?
3. Hoe dikwels probeer ons Vader-God vereer en aanbid op mensgemaakte wyses en volgens ons eie geregtigheid? Ons bedoelings mag opreg wees, maar as dit nie volgens YHVH se geregtigheid is nie, kan ons dalk ook geestelik sterf. Ons moet onself ondersoek om seker te maak dat ons in alles YHVH vereer en aanbid op ‘n wyse wat volgens Sy geregtigheid is.
4. Is ons vrees vir mense (vir verwerping) nie dikwels die rede hoekom ons afwyk van YHVH se geregtigheid nie? Saul het gesê: *want ek was bevrees vir die manne en het na hulle geluister!!* (1 Sam. 15:24). Na wie luister jy?

## **Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)**

### **Jes. 49:14 to 51:3 – Het YHVH Israel Verstoot?**

Hierdie is die tweede week van die sewe weke na *Tisha B’Av* waar die Haftorah Skriflesing woorde van vertroosting in afwagting en voorbereiding van die koms van Messias bevat. Hierdie word algemeen gesien as profeties met betrekking tot die koms van Messias en daarom as ‘n herinnering

om die weg voor te berei vir Yeshua Messias se koms. Uiteraard verwag Judaïsme die eerste koms van Messias en die Messiane en die Christendom die wederkoms.

Jesaja verwoord die besorgdheid en verwerping wat Israel ondervind met die woorde: *Maar Sion sê: YHVH het my verlaat, en YHVH het my vergeet!* (Jes. 49:14). Hulle gemoedstoestand was die gevolg van jarelange ballingskap. YHVH antwoord egter met woorde van vertroosting, bemoediging en belofte:

*Kan 'n vrou haar suigeling vergeet en nie omgee vir die seun van haar baarmoeder nie? Selfs hulle kan vergeet, maar Ék sal jou nie vergeet nie! Let op, Ek het jou op My handpalms graveer; jou mure is gedurig voor My. Jou bouers maak gou; jou vernietigers en verwoesters sal van jou af weggaan. Lig jou oë op en kyk rondom; hulle almal vergader bymekaar, hulle kom na jou toe! So waar as Ek leef,” verklaar יהוה , “jy sal hulle sekerlik almal aansit soos juwele en hulle ombind soos 'n bruid, want jou puinhope en verlate plekke en jou verwoeste land sal sekerlik nou te klein wees vir die inwoners en die wat jou verslind het, is ver weg! Jer. 49:15 tot 19 – PWL*

YHVH se plan van herstel het met Israel begin en sal met Israel eindig! YHVH is nie 'n mens dat Hy van gedagte sal verander nie.

Malbim, die akroniem vir die naam van Rabbi Meir Leibush ben Jehiel Michel Wisser (1809 – 1879), was 'n meester van Hebreeuse grammatika en hy verduidelik dat die einddoel van die wêreld slegs deur Israel vervul kan word. Rabbi Dovid Siegal skryf in die verband die volgende:

*The glorious era of redemption revolves around them (Israel) and it is only they who can reveal to the entire world the truths of Hashem. Hashem therefore awaits their return with anxiety in order that His master plan can come to fruition. He has, figuratively, affixed them to the palm of His hand and always sees them in their final stages of redemption. In actuality, He is constantly maneuvering world events in order to bring about the redemption. The Jewish people are therefore, by definition, the center of all world events. Contrary to the Jewish people's opinion, Hashem never takes His mind off His people and is always anxiously awaiting their return. (Haftorah Eikev, [www.torah.org](http://www.torah.org)).*

Die meerderheid van die Christendom glo egter nie meer aan 'n letterlike herstel van Israel nie, of hulle weet dit nie omrede hulle dit nie geleer word nie. Die gevolg hiervan is dat talle Christenleiers verkondig dat die kerk die Israel van die hernieude (nuwe) verbond is. Hulle het geen begrip vir die honderde profesieë in die Skrifte oor die letterlike herstel van Israel en van die terugkeer van die twaalf stamme van Israel na hulle eie land in die eindtyd nie. Jesaja sê byvoorbeeld oor 'dié dag', bedoelende 'die dag van die Here', wat 'n eindtydse begrip is die volgende:

*En in dié dag sal YHVH weer vir die tweede keer sy hand uitstrek om die oorblyfsel van sy volk los te koop... en Hy sal 'n banier ophef vir die nasies en bymekaar laat kom die seuns van Israel wat verdryf is, en versamel die dogters van Juda wat verstrooi is, uit die vier hoeke van die aarde. Jes. 11:11 en 12.*

Verwys ook Eseg. 37:20 tot 24 ten opsigte van die eenwording van die twaalf stamme wat 'n toekomstige profesie is wat tans besig is om in vervulling te gaan.

Hierdie vervangingsteologie het veroorsaak dat verskillende maniere bedink word om die Christendom in Israel se plek te stel – óf as fisiese afstammeling van die sogenaamde 'tien verlore stamme', óf as die geestelike verteenwoordigers van al twaalf die stamme. Beide hierdie sieninge is nie Skriftuurlik nie.

Hoewel verskeie Skrifverwysing bevestig dat YHVH 'n skeibrief aan die Huis van Israel (Efraim) en aan die Huis van Juda gegee het, is daar ook verskeie Skrifverwysings wat 'n nuwe huweliksverbond

met beide huise profeteer. Bevestiging hiervan sien ons dan in Heb. 8:8 tot 12 (verwysend na Jer. 31:31 tot 34).

Volgens Torah (Deut. 24:1 tot 4) mag 'n man nie weer met die vrou trou aan wie hy 'n skeibrief gegee het en nadat sy die vrou van 'n ander man geword het. Maar tog word die hernieude verbond met die hele Israel gesluit! Dit is 'n wettige huwelik omrede die 'Eggenoot' van die ou verbond in Yeshua gesterf het en die opgestane Messias weer met Sy gewese vrou mag trou. Die twee huise moet een word, anders sal YHVH skuldig wees aan tweewyewery.

Dit is belangrik om te verstaan dat die hernieude verbond met die twee huise van Israel gesluit word en nie met die kerk nie (Heb. 8:8 tot 12). Die nie-Jood word deur geloof in Yeshua as die gekruisigde en opgestane Messias deel van Israel. Deur geloof ontvang ons burgerskap van Israel (Efes. 2:12 en 19). Die hele Israel bestaan uit Jood en nie-Jood wat bely dat Yeshua die Messias is, en wat gevorm is tot een nuwe mens (Efes. 2:15) wat volgens Torah leef.

Dit is dus duidelik dat YHVH se plan van herstel met Israel begin het en met Israel sal eindig. In Romeine hoofstuk 11 bevestig Paulus dan ook dat YHVH nie Israel verstoot het nie.

*Sê ek dat God Sy volk weggestoot het? 'n Verwerplike gedagte,<sup>1</sup> want ek is ook vanuit Yisra'el, van die nageslag van Avraham, van die stam van Binyamin. God het Sy volk wat Hy van die begin af geken het,<sup>2</sup> nie weggestoot nie. Of weet julle nie wat die Skrif in die gedeelte oor Eliyahu sê toe hy by God oor Yisra'el gekla het nie? "My Meester, hulle het U profete vermoor en U altare omgegooi; ek het alleen oorgebly en hulle soek my lewe!"<sup>3</sup> Dit is vir hom deur openbaring gesê: "Let op, Ek het vir Myself sewe duisend manne uitgehou wat nie die knie voor Ba'al gebuig en hom aanbid het nie." Dit is ook dieselfde in die teenwoordige tyd: daar is 'n oorblyfsel gekies uit onverdiende guns, maar as dit uit onverdiende guns is, dan is dit nie vanuit dae nie, anders is onverdiende guns geen onverdiende guns nie, maar as dit uit dae is, dan is dit nie meer onverdiende guns nie, anders is dae geen dae meer nie. Rom. 11:1 tot 6 – PWL.*

## **Bepeins of bespreek**

1. Prof. Johan Malan skryf die volgende waarheid in sy artikel *Boere-Afrikaners, Jode en Israel*:

*Die regte etniese identiteit van Israel én die nasies sal verwarring voorkom oor wie ons regtig is. Die Boere is nie Israëliete nie!*

*Die Boere-Afrikaners word deur verskeie hoogs omstrede politieke en godsdienstige standpunte uitmekaar gedryf. Sommige daarvan, soos bv. die Israelvisie met sy Jodehaat, het geweldige negatiewe implikasies. Dit sal dringend uit ons ideologiese en godsdienstige denke verwyder moet word indien ons suiwer ewangeliëse Christene wil wees wat onself sinvol aan die voortbestaan van ons volk wil wy.*

*Ons moet weet wie onself is, wie die Jode (of Israel) is, wat ons met mekaar in gemeen het en wat ons van mekaar onderskei. As ons dink dat óns 'Israel' is en dat die Jode níé 'Israel' is nie, dan begewe ons onself in 'n kompetisie oor volksidentiteit met die Jode. Dit laat mense in 'n moeras van verwarde denke beland waaruit die mees grusame drogbeelde oor die Joodse volk opgediep word.*

*Die harde feit waarvoor ons te staan kom, is dat ons oneindig baie aan Israel te danke het. Selfs in hulle geestelik gevalle en verblinde toestand is hulle 'n seën vir die nasies.*  
<http://www.bibleguidance.co.za/Afrartikels/Israëliete.htm>

Hierdie woorde van Johan Malan herinner ons die profetiese belofte toe YHVH aan Abraham gesê het: *En ek sal seën diegene wat jou seën, en hom vervloek wat jou vervloek* (Gen. 12:3).

Israel is die nageslag van Abraham en daarom sal YHVH die seën wat Israel seën en diegene vervloek wat Israel vervloek! Ons moet ook onthou dat ons as nie-Jode deur geloof in Yeshua as die Messias ook die nageslag van Abraham is (Gal. 3:29). Ons is as as die wilde olyftak ingeënt op die geplante en versorgde olyfboom (Rom. 11:17 en 18).

2. Baie van die dinge wat uitermate sleg en uitermate goed is, is Joods in oorsprong. Terselfdertyd is die vyande van die Christendom ook onder sekere groepe Jode te vinde. In die verband moet ons egter altyd die volgende Skrifverwysings onthou: Joh. 4:22 en Rom. 3:1 tot 4. Ons moet altyd onthou dat Yeshua Messias is 'n Jood, so ook die Apostels en die skrywers van die boeke van die ou verbond. Die gemeente van Handelingte was aanvanklik hoofsaaklik Jode. Hiervolgens kan ons dus nie veralgemeen en die Jode afskryf of beskuldig (soos sommige), of dat YHVH hulle verwerp het omrede hul Yeshua gekruisig het nie. YHVH se herstelplan het met Israel begin en sal met Israel voltooi word!
3. Die vraag wat elkeen moet vra is: *As ek nie deel van Israel is nie; deel van wie is ek dan, want die nuwe Jerusalem se toegangspoorte is volgens die name van die twaalf stamme van Israel (Open. 21:12)?*

-o-o-o-o-o-o-o-

*Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).*

Shalom tot volgende keer.

Johan

Epos: [kontak@nuwelielied.info](mailto:kontak@nuwelielied.info)

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

*Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.*